Rappard Reise bied aan, hul:

"lae lande musiek en romantiek"

2024 Drie Lande en Rieu-konsert

TARIEF 1 wat konsert insluit: R43 500 per persoon wat deel, R48 000 per enkelakkommodasie

TARIEF 2 wat konsert uitsluit: R40 500 per persoon wat deel, R44 000 per enkelakkommodasie

Ná sovele versoeke om weer 'n toer wat 'n konsert van André Rieu insluit, aan te bied, is ons trots om die Julie 2024 **Drie Lande en Rieu-konsert-toer** bekend te maak! Saam met die vlugte en die vertrekdag is die reis nege dae lank. Rappard Reise se hantering van elke faset van jou reis, voor en tydens die reis, gee die reisiger totale gemoedsrus en die geleentheid om sonder stres elke oomblik net ten volle te geniet.

Ons reis luilekker in 'n luukse bus voorsien van wi-fi, lugversorging en lopende kommentaar deur ons ingeligte toerleiers deur die lieflike groen Nederland, België en Wes-Duitsland. Ons stop in wonderlike dorpies en antieke stede, besigtig talle besienswaardighede, ry oor lang waterweë en deur tonnels, verkyk ons aan dele van Nederland waar min toere verbygaan en geniet plaaslike lekkernye sover ons gaan. Ons een hoogtepunt is om op een mooi aand die verruklike Vrijthof-konsert van die walskoning, André Rieu in sy tuisstad, Maastricht by te woon. In Duitsland gaan die bootvaart op die formidabele Rynrivier beslis nog 'n hoogtepunt wees om nie te praat van die lieflike landskappe en oulike dorpies waar ons gaan rondloer nie. Behalwe vir Brugge, Gent en Antwerpen, gaan ons ander besonderse plekke in België besoek soos Waterloo en Dinant en in Nederland kyk hoe Nijmegen lyk en in Giethoorn in 'n bootjie rondvaar..

Ons woon tydens die reis in baie interessante blyplekke gevestig in of naby mooi historiese stede. In Amsterdam bly ons loopafstand van alles wat ons graag wil sien en beleef. In België slaap ons oor met die geur van friete en sjokolade wat ons monde permanent laat water. Vir die konsert in Maastricht woon ons daar naby in die mooi stadjie Valkenburg en word per bus geneem na die bekende Vrijthof waar die konsert plaasvind en die magiese atmosfeer tot laatnag steeds sal voortgaan. In Duitsland slaap ons oor tipies Duitse herberge/hotelle waar ons tot die hane kraai saam met die plaaslike inwoners 'n biertjie kan wegslaan.

Windmeule en kastele met grusame verledes word in verskeie stede besoek, romantiese bootvaarte op die gragte, ritte in 'n ouwêreldse trem of perdetaxi, stadswandelinge waar interessante stadsprokies en verhale vertel word, vorm deel van ons toer. Ons is oral omring deur van die bekendste katedrale, kunsmuseums en besienswaardighede op die planeet en jy kan in aftye daarin gaan ronddwaal en geïnspireerd raak.

Rappard Reise se uitgangspunt is:

- Betaal jou deposito en die res oor maande af (sien betalingsopsies)
- Programme sluit fantastiese items in, wat by die prys ingesluit is
- Vir eie sak is eie-keuse museums ens, indien daar genoeg tyd is, wat self vooraf bespreek kan word

BESKIKBARE DATUMS:

REISNAAM	*VERTREK NEDERLAND*	*LAND SUID-AFRIKA*
TOER 1:	*Sondag **30 Junie***	*Maandag **08 Julie***
TOER 2:	*Sondag **07 Julie***	*Maandag **15 Julie***
TOER 3:	*Sondag **14 Julie***	*Maandag **22 Julie***

(Aansoeker: Ek neem kennis daarvan dat datums effens aangepas mag word en ek is bereid om aan te pas. RR onderneem om my op hoogte te hou van verwikkelinge.)

Ingesluit by die prys – kortliks:

- Vliegtuigkaartjie van O R Tambo na Schiphol en terug.
- Toerbuskaartjie.
- André Rieu-konsertkaartjie.
- Alle verblyf in goeie 3- of 4-ster en-suite hotelkamers.
- Alle ontbyte.
- Sekere middag- en/of aandetes. *
- Eetgoed op die bus.
- Gereelde koffie, tee, cappuccino's of koeldrank
- Toeristestadsbelasting.
- Tenminste twee kanaalbootvaarte.
- Bootvaart op die Rheinrivier.
- Begeleiding van uitstappies.
- Bystand, inligting en raad om reisgenote behulpsaam te wees met elke faset van reisvoorbereiding.

** Die hoeveelheid etes hang af van die wisselkoers op daardie stadium – nader aan die tyd word meer inligting hieroor gedeel maar daar sal gepoog word om daagliks tenminste een ligte ete te verskaf. Ontbyt elke dag.*

Uitgesluit by die prys:

- Visumkoste – Nederlandse Schengen-visum – elkeen moet persoonlik gaan aansoek doen aangesien biometriese toetse geneem word (vingerafdrukke, foto's ens). Ons gee alle info deur.
- Reisversekering.
- Onverwagte verhoging van vliegtuigkaartjies.
- Enige mediese toetse wat deur lande/lugrederye vereis mag word.
- Museum- en ander toegangskaartjies van eie keuse. Ons verskaf inligting.
- Persoonlike uitgawes/sakgeld vir aankope, drankies, ens.
- Ekstra ete per dag. Reisgenote word geleer hoe om die heerlikste, goedkoop straatkos te geniet sodat die begroting daarvoor geensins hemelhoog hoef te wees nie (plus-minus R200 per ete is haalbaar).
- Binnelandse aansluitingsvlugte tot by O R Tambo moet self deur toerlede gereël word.
- Indien u u reis verleng, ander tye land en vertrek, sal u self verantwoordelik wees vir vervoer van/na lughawe en verskil in vliegkaartjietariewe en eie reëlings. Die gemiddelde groepskaartjietarief sal van u toerprys afgetrek word. Kontak M van Deventer van Travelandvisa101 vir alle hulp hiermee: travelandvisa101@gmail.com

Finansiële Inligting

1. Vul ten eerste die registrasievorm wat gestuur is in, betaal vir ons die registrasiefooi in en stuur beide vir ons deur, asb. Dit is die eerste stap. Die inligting op die registrasiesoekvorm gee ons die geleentheid om jou in jou gekose tydgleuf in te deel. Alternatiewe datums word ook na gekyk indien die eerste keuse volbespreek is of ons weens omstandighede iemand moet verplaas na ’n ander tydgleuf.
2. Op die vorm is afbetalingskeuses wat aangebied word.
3. Betaal die deposito.
4. In ons voorwaardes word uiteengesit wat die twee partye se verantwoordelikhede is.

’n Deposito sal jou plek verseker, die res kan jy oor maande inbetaal sodat jy sonder skuld die reis ten volle kan gaan geniet. Alle vrae is welkom!

Plekke wat ons gaan ontdek: Amsterdam, Veere, Middelburg, Brugge, Gent, Antwerpen, Waterloo, Dinant, Maastricht, Dusseldorf, Keulen, Monschau, Giethoorn, Lelystad en alles tussenin!